# HOOFSTUK 2

# *DORPSTIGTING EN RUIMTELIKE BENUTTING TOT 1892*

## 2.1. Beleggersinvestering en die aanvang van prospekteerdery

Samuel Marks, of Sammy soos hy gewoonlik genoem is, was van Joodse afkoms. Sy jeugjare het hy in Engeland deurgebring waar die ekonomiese vooruitgang, pas na afloop van die Industriële Rewolusie, waarskynlik 'n groot indruk op hom gemaak het. In hierdie jare het sy vaderland, Rusland, in 'n staat van armoede en agteruitgang verkeer.[1] Ten tyde van die eerste diamantontdekking in suidelike Afrika het Marks, aanvanklik as 'n smous, in 1868 in die Kaap aangekom.[2]

Marks se neef, Isaac Lewis, het eersgenoemde spoedig gevolg. Saam het hulle in die nuutgestigte Kimberley, as vennote in die diamanthandelaarsbedryf, opgang gemaak.[3] Hulle het as betroubare diamanthandelaars bekendheid verwerf. Hierdie sukses het persoonlike verryking tot gevolg gehad.[4] Die finansiële posisie van Marks het hom in staat gestel om Stow se drome te bewaarheid aangesien daar in Kimberley 'n groot vraag na steenkool ontstaan het.

Stoommasjinerie, by die diamantaanleg te Kimberley, was in daardie stadium met behulp van brandhout aangedryf. Dit het eerstens meegebring dat die bestaande natuurlike bosse in die omliggende gebiede so te sê uitgewis was. Tweedens het

---

[1] R. Mendelsohn, *Sammy Marks: the uncrowned king of the Transvaal*, pp. 1-6.

[2] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 39-40.

[3] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 40.

[4] SBA, INSP 1/1/85, p. 333: Kimberley branch, Inspection Report, 12.11.1881.

die prys van brandstof die hoogte in geskiet.[5] Die tekort aan 'n beter en goedkoper brandstofmiddel het 'n groeiende vraag na steenkool laat ontstaan. Weens hierdie redes het Marks 'n ontmoeting met Stow gereël.[6] Hy het besef dat steenkool die mynboubedryf van 'n toekoms kon verseker.[7]

Marks, Lewis en 'n groep medebeleggers het besluit om 'n maatskappy op die been te bring wat na die ontginning van die Vaalrivier-steenkoolvelde moes omsien.[8] Dit sou die spesifieke taak van dié maatskappy wees om reëlings vir die vervoer van steenkool na die diamantvelde te tref. Met 'n kapitaalbelegging van £75 000, was ***De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrij Staatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging*** in 1880 gestig.[9] As ontdekker van die steenkool was Stow op 10 van die 75 aandele geregtig.[10]

In opdrag van die nuut gestigte mynmaatskappy, was agente na die oord van die ontdekking gestuur. Hulle moes namens die mynmaatskappy aanbiedings op alle plaasgrond maak met aanduidings van die teenwoordigheid van steenkool.[11] Marks het sover gegaan om vooruitskattings en berekeninge te begin maak. Daarmee het hy homself oortuig dat die gebruik van steenkool, in plaas van hout, groter winste vir die diamantbedryf sou bewerkstellig.[12]

Steenkooldraende plase was aan beide oewers van die Vaalrivier, dit wil sê in beide die voormalige republieke, opgekoop.[13] Die plaas Klipplaatdrift, nr. 601, het 2 985 morg (2 558 ha) beslaan. S.P. Janse van Vuuren, die eerste eienaar, het die plaas in Junie 1859 aan Carel A. Pistorius verkoop. Op 31 Oktober 1881, volgens

---

[5] R.Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 11.

[6] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 16-18.

[7] *Vereeniging and Vanderbijl Park News*, 27.10.1967: Report.

[8] D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek*, deel 2, p. 739.

[9] Vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 76.

[10] Anon., "...The Vereeniging Estates", ..., p. 23.

[11] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 75-76.

[12] Vgl. R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 2.

[13] Anon., "...The Vereeniging Estates", ..., p. 23; vgl. kaart 1.2.

transportakte 418, het dit die eiendom van die mynvereniging geword. Dié steenkooldraende plaas was aan die noordoewer van die Vaalrivier geleë en was deel van die distrik Heidelberg. Beide die Suikerbosrand- en Kliprivier het die Vaalrivier op die plaas ontmoet.[14]

Leeuwkuil, nr. 596, was 'n steenkooldraende plaas suid-wes van die plaas Klipplaatdrift, aan die noordoewer van die Vaalrivier. Die plaas was 5 344 morg (4 579 ha) groot. Dit het in die distrik Potchefstroom gesorteer en was sedert Mei 1870 in J.H.L. Venter se besit. Die weduwee A. Venter het die plaas op 27 Januarie 1882, volgens transportakte 63, aan ***De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrij Staatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging*** verkoop. Die plaas het verskeie waterbronne bevat.[15] Dit was nie net die mynvereniging wat daarin belang gestel het om grond in die gebied aan te koop nie.

Die steenkooldraende plaas Waldrift, nr. 599, het sedert November 1853 aan W. Smit behoort. Hy het die plaas, wat 1 305 morg (1 118 ha) groot was, in 1869 aan H.J. Heunis verkoop. Heunis het die plaas, aangrensend tot en noord van die plaas Klipplaatdrift, op 16 Februarie 1882 aan ***Waldrift Coal Mining Company*** verkoop. Daar was van meet af begin om dagsome op die plaas, aan die walle van die Kliprivier, te ontgin. Sowat 19 wavragte steenkool was daagliks hiervandaan na die diamantvelde in Griekwaland-Wes geneem.[16]

Die plaas Houtkop, nr. 594, was aanvanklik staatsgrond waar tydelike okkupasie deur swartmense toegelaat is. Hierdie voorreg het in Julie 1869 tot 'n einde gekom toe die plaas die eiendom van die broers H.C. en J.C. van der Merwe geword het. Hulle het die plaas, wat aangrensend tot die plaas Leeuwkuil en wes daarvan geleë was, in twee gedeeltes verdeel. Eersgenoemde se gedeelte was 3 249 morg (dit

---

[14] Registrateur van Akte, Pretoria (AKT), Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/1: Klipplaatdrift eienaarsregister; TAB, Registrateur van Akte (RAK), Band 2682: Vereeniging farms. {Die plaas Klipplaatdrift het later die nr. 83 gedra en uiteindelik nr. 336. Plaasnommers en distriksgrense was gereeld aan wysigings onderworpe.}; vgl. kaart 1.2.

[15] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio 596/1: Leeuwkuil eienaarsregister; TAB, RAK 2682: Vereeniging farms. {Die plaas Leeuwkuil het later die nr. 81 en uiteindelik nr. 187 gedra.}; vgl. kaart 1.2.

[16] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 97, plaasnommers 595-599, Folio's 599/1, 599/1/1: Waldrift eienaarsregister; TAB, RAK 2682: Vereeniging farms {Die plaas Waldrift het uiteindelik nr. 92 geword.}; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 191-192.

wil sê 2 784 ha) groot. Sy broer het die restant, 2 562 morg (2 195 ha), in besit geneem. Gedurende 1890 het H.C. van der Merwe sy broer se gedeelte, volgens transportakte 3075, oorgeneem. Hy het dit toe in Julie 1898 tussen ses seuns in kleiner gedeeltes verdeel. Dié plaas, in die distrik Potchefstroom, was daarna aanhoudend in kleiner gedeeltes opverdeel. Dit het uitendelik uit meer as 150 gedeeltes bestaan.[17]

Die bogenoemde vier plase het grotendeels die gebied uitgemaak waarop Vereeniging tot stand gekom en ontwikkel het. Hoewel die plase Waldrift en Houtkop nie deur die mynvereniging aangekoop was nie, het dit later die gebied geword waar voorstedelike uitbreiding geloods was. Agente van Lewis en Marks het nietemin in totaal 126 691 akker (51 272 ha) plaasgrond namens die mynmaatskappy opgekoop.[18] Ongeveer 75% van hierdie oppervlakte (dit wil sê nagenoeg 38 454 ha) was steenkooldraend.[19] Marks het die waarde van die oorblywende 25% (12 818 ha) vir landboudoeleindes ingesien.[20]

Dit was veral die mynvereniging se eiendomme aan die Vrystaatse kant wat vir die aanplant van landbougewasse benut was. Die plaas Maccauvlei, nr. 121, was onder andere hiervoor nuttig. Dit het in 1881 die eiendom van die mynmaatskappy geword. Maccauvlei was in die Vrystaatse distrik Heilbron geleë. Dit het 4 298 morg (3 683 ha) se steenkooldraende grond beslaan. Die woonhuis op Maccauvlei was deur die bestuur van die mynvereniging benut.[21]

Stow se omswerwinge het gedurende Augustus 1881 sy tol begin eis. Terwyl hy vir doktersbehandeling na Kroonstad gegaan het, het sy assistente opdrag gekry om solank vier eksperimentele skagte aan die Transvaalse kant te sink. Marks het

---

[17] AKT, Registrasieafdeling IQ, band 96, plaasnommers 592-594, Folio's 594/1, 594/1/1: Houtkop eienaarsregister; TAB, RAK 2682: Vereeniging farms. {Die plaas Houtkop was later as nr. 28 bekend.}

[18] Vgl. kaart 1.2 {sien oppervlakverdeling}.

[19] M.C. van der Merwe, Vereeniging, industrial giant..., p. 14.

[20] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 5.

[21] P.J.J. Prinsloo (red.), Die geskiedenis van Vereeniging, p. 55; H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 1-2; T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 54-55, 66-67; vgl. kaart 1.2. {Die spelvorm *Macawvlei* was soms gebruik.}

intussen gepoog om die ondersteuning van die Transvaalse regering vir sy voorgenome onderneming te bekom. Dit was veral die gebrekkige infrastruktuur wat hom bekommer het.[22]

Net een van die vier skagte, bekend as ***Betty's Shaft***, was gesink toe Stow in Maart 1882 oorlede is. Teleurgestel met die stadige vordering, het Marks besluit om 'n daadwerklike poging aan te wend om arbeid na die gebied te begin lok. Hy het genoeg steenkool gesien om hom daarvan te oortuig dat ontginning oor 'n tydperk van tussen 50 en 100 jaar kon duur.[23] As uitvloeisel van hierdie gedagte was gemeganiseerde landbou in die gebied bekend gestel. Op sigself het dit vestiging tot gevolg gehad. Hierdie faktore het die bestaande gebruikspatroon van die grond indringend verander.[24]

## 2.2 Karakter van aanvanklike vestiging rondom die steenkoolvelde

In 'n poging om swart arbeid tot beskikking van blankes te stel, het die regering aanvanklik van 'n inboekstelsel gebruik gemaak. Daarvolgens was swartmense aan 'n 'baas' toegewys. 'n Belastingstelsel was ook in gebruik geneem. Minder belasting was op swart werkers gehef wat in diens van blankes gestaan het. Swart werkers, wat sodoende tot dienswilligheid gedwing was, het dit verkies om eerder by mynsentra werksaam te wees. Dit het hulle van 'n hoër inkomste verseker. Konsentrasies van swartmense rondom die myne, in lokasies, het bykomende probleme vir die blankes geskep. Dit het tot die aanneming van die sogenaamde Plakkerswette gelei. Swart arbeiders moes 'n pasdokument (***dompas***) toon as bewys dat hulle wel in diens geneem is. 'n Naturellekommissaris of die landdros was, as *ex officio*-voog, oor swartmense in die distrikte aangestel. Swartmense net

[22] D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR (1872-1899) met spesiale verwysing na die botsing tussen die onafhanklikheidstrewe van die Boere en Britse imperiale belange*, pp.47-48, 53; R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 3.

[23] R. Mendelsolhn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 3-4; vgl. kaart 1.4.

[24] T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 75-76.

hulself teen hierdie maatreëls verset wat 'n groot impak op die mynvereniging gehad het.[25]

Teen hierdie agtergrond en nadat die steenkooldraende grond in besit geneem is, is die Bedworthmyn op die plaas Leeuwkuil geopen, waar die Betty-skag vroeër gesink was. Die naam *Central*-myn was later aan dié steenkoolmyn gegee. Mynbou was die hoofrede vir die vestiging van 'n gekonsentreerde gemeenskap, met die plaas Leeuwkuil die aanvanklike fokuspunt van ontwikkeling. Kort nadat werksaamhede by die *Central*-myn begin het, is die *Central East*-myn ge-open. Laasgenoemde was aangrensend tot die *Central*-myn en noord daarvan geleë. Min inligting oor hierdie myne het behoue gebly. Dit was later bevind dat die twee myne steenkool van swak gehalte gelewer het en dat die vuurvaste klei aldaar van veel groter waarde was.[26]

Weinig struktuurveranderinge het in die jare direk na die opening van die eerste myne plaasgevind.[27] Die vraag na geskikte arbeid en die swak infrastruktuur het die vooruitgang van die steenkoolmynbedryf vanuit die staanspoor belemmer.[28] *De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging* het swart mynwerkers aanvanklik van hul plase gewerf.[29]

Sowat 300 mense was teen 1882 rondom die myne gevestig.[30] Ongeveer 100 hiervan was mynwerkers. Marks het die werwing van goedkoop swart arbeid bo die indiensneming van blanke arbeiders verkies alhoewel hy deur die boere in die omgewing hiervan afgeraai was.[31] Aanvanklike pogings om arbeiders na die

---

[25] B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., pp. 5, 9-12, 15, 59-60, 69-70, 218.

[26] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 4-5, 22-23, 36-37, 67-69.

[27] R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 18-20, 24; vgl. kaarte 1.2 en 1.3.

[28] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 336-338.

[29] Vgl VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 225-227; vgl. kaart 1.3.

[30] TAB, Eerste Volksraad (EVR), Band 24, p. 84: Notule, artikel 713, 05.07.1882.

[31] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 5, 9-10.

mynveld te lok, was onsuksesvol.[32] Geskoolde en opgeleide werkers het vestiging by die goudmyne bo die steenkoolmyne verkies.[33] Die arbeidersomset by steenkoolmyne was hoog.[34] Dit het produksie negatief beïnvloed. Ten einde verhoogde uitset te bewerkstellig, moes werkersgetalle dienooreenkomstig stabiliseer.

Mynbou-aktiwiteite het verstedeliking tot gevolg gehad.[35] Die direkteure het reeds kort na die stigting van die mynvereniging oorweging aan dorpstigting gegee. Die prokureursfirma Simpson en Schappert het die aangeleentheid namens die mynmaatskappy behartig.[36] Alhoewel die mynwerkersgemeenskap nie noemenswaardig groot was nie, sou dorpstigting beslag aan die totstandkoming van 'n plaaslike bestuurstelsel gee.

## 2.3 **Eerste poging tot dorpstigting**

Op 30 Junie 1882 het die prokureurs van Simpson & Schappert 'n versoek tot dorpstigting op die plaas Klipplaatdrift aan die staatsekretaris van die ZAR, W.E. Bok, gerig. Daarvolgens het die mynbestuur onderneem om die dorpsplan so gou as moontlik aan die regering vir goedkeuring voor te lê. Dit was verder ook vermeld dat 'n plaaslike landmeter voorgestel het dat waterleiding vir die inwoners vanuit die Suikerbosrandrivier aangelê kon word.[37] Hierdie rivier het deur die plaas Klipplaatdrift gevloei.[38]

---

[32] Vgl. A.H. Jeeves, *Migrant labour in South Africa's mining economy*, p. 27,165; B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., pp. 68-70.

[33] M.F. Drake, The iron and steel, metal and engineering industry in the Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging region (unp. M.A.-dissertation, UW, 1971), pp. 10, 31-32.

[34] R. Mendelsohn, *Sammy Marks*..., p. 49.

[35] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., p. 179; B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., p. 5.

[36] Vgl. TA, State Secretary (SS), Vol. 684, R 3722/82, pp. 125-127: Letter, Simpson & Schappert - State Secretary, 30.06.1882.

[37] TA, SS 684, R 3722/82, pp. 125-127: Letter, Simpson & Schappert - State Secretary, 30.06.1882.

[38] Vgl. kaart 1.2.

Die gemelde aansoek was op 4 Julie 1882 tydens 'n Volksraadsitting bespreek. Interessante feite het vorendag gekom. Die ligging van die gebied waarop die toekomstige dorp tot stand sou kom, is bespreek. Die Volksraadslede het hulle daarvan vergewis dat die gebied ter sprake op die plaas Klipplaatdrift, in die distrik Heidelberg, geleë was. Van groot belang, alvorens besluite geneem kon word, was die feit dat sowat 300 mense hulself reeds op die terrein van die voorgenome dorp bevind het. Op aanbeveling van die Volksraad sou die dorp **VEREENIGING** heet.[39]

Daar is opdrag gegee dat vasgestel word of die voorgestelde dorp op of aangrensend tot staatsgrond uitgelê sou word. Derhalwe was besluit dat grondgedeeltes wat staatseiendom in die voorgenome dorpsgebied was, op 'n openbare veiling teen die hoogste aanbod verkoop sou word.[40] Opdrag was derhalwe aan die Landmeter-generaal gegee om die moontlikheid van dorpstigting, op die plaas Klipplaatdrift en bykomende staatsgrond, te ondersoek.[41]

Teen 1884 het die Landmeter-generaal bevind dat die staat geen grond in die voorgenome dorpsarea besit het nie. Die ligging van die voorgenome dorp het ook geen inbreuk op bestaande paaie gemaak nie. Verder het die Landmeter-generaal gerapporteer dat hy met Sammy Marks in verbinding was. Tydens hul ontmoeting het Marks die Landmeter-generaal daarvan ingelig dat dorpstigting voorlopig gestaak moes word.[42] Daar was 'n eenvoudige verduideliking hiervoor.

Marks en sy vennote se aanvanklike opgewondenheid het uit die ontdekking van steenkool gespruit.[43] Hul vooruitsigte (en selfs vergesigte) het die vennote impulsief tot die gedagte van dorpstigting gelei. Steenkoolverkope het egter nie die

---

[39] TAB, EVR 24, pp. 84-85: Notule, artikels 713-714, 05.07.1882; vgl. kaarte 1.2 en 2.1.

[40] TAB, EVR 24, pp. 83-85: Notule, artikels 713-714, 05.07.1882.

[41] TAB, Staatsekretaris (SS), Band 684, R 3722/82, p. 110: Memorandum, Staatsekretaris - Landmeter-generaal, 15.02.1883.

[42] TAB, SS 684, R 3722/82, p. 110: Memorandum, Landmeter-generaal - Staatsekretaris, 21.01.1884.

[43] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 4-5.

geprojekteerde syfers behaal nie.[44] Daar was verder reeds in 1883 voorsien dat die gebrekkige infrastruktuur die uitbouing van die steenkoolmynbedryf sou kortwiek. Die daarstelling van 'n spoorwegstelsel was die enigste oplossing vir die probleem.[45]

Die landelike arbeidsvraagstuk in die ZAR het die toestand aansienlik vererger. Mynwerkers het ook groter lone in vergelyking met plaasarbeiders verwag.[46] Die bogenoemde twee faktore het tot gevolg gehad dat steenkool aanvanklik teen 'n buitengewoon hoë prys van die hand gesit was. Die aard en samestelling van plaaslike steenkool het dit nie regverdig nie. Plaaslike steenkoolneerslae was oor die algemeen nie baie dik nie en het meer wydverspreid as byvoorbeeld in Wes-Europa voorgekom.[47] Teen hierdie agtergrond was dit noodsaaklik om die infrastruktuur aan te pas. Dit het behels dat kommunikasieverbindings en vervoerstelsels moes verbeter sodat die lewensvatbaarheid van die gemeenskap kon verbeter. Die toenemende getalle verarmde landbouers sou insgelyks daarby baat.[48]

Aanvanklik het die oplossing daarin gelê dat steenkool met platboomskuite op die Vaalrivier na Kimberley vervoer moes word. Dit het geblyk 'n onpraktiese plan te wees. Transportryers, met hul ossewaens, was as oplossing vir die probleem ingespan. Behalwe vir plaaspaaie, was ander paaie tussen dorpe en nedersettings deur die reisende transportryers met hul waens uitgetrap. Die vlakste driwwe is verkies om riviere oor te steek. Waar dit onmoontlik was, is 'n pont gebruik om die rivier oor te steek. Transportryers het gewoonlik so reguit moontlik koers na hul bestemming ingeslaan.[49] Die wapad vanaf die OVS het die Vaalrivier by

---

[44] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 45,55.

[45] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, p. 336.

[46] Vgl. T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, pp. 10-15.

[47] G.C.R. Bosman, *Industrialization of South Africa*, p.104; M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., p. 18.

[48] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 151-152, 187, 191-192, 196-197, 253-257, 299.

[49] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 76-77, 84-85.

Viljoensdrift met 'n pont oorgesteek.[50] Viljoensdrift was destyds die punt waar verskillende plaas- en transportpaaie mekaar gekruis het.[51]

Marks het die noodsaaklikheid van 'n spoorlyn tussen Kimberley en Pretoria in 1885 onder die aandag van die owerheid gebring.[52] Hierdie aangeleetheid het teen 1887, ná die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, nog meer knellend geword. Goudmyne het 'n groot aanvraag na steenkool ervaar. Sowat 200 ton steenkool is weekliks aan die Witwatersrandse goudmynbedryf gelewer.[53] Dit was egter nie maklik om die ZAR-regering tot die oprigting van 'n spoorlyn vanuit die Kaapkolonie te oortuig nie.

Marks het desondanks voortgegaan om sy samewerking aan die regering te verleen. Toe daar teen 1888 nog steeds min vordering gemaak is, was daar selfs gevrees dat die goudmyne moes sluit. Die onontwikkelde infrastruktuur het beperkinge op die lewering van steenkool geplaas. Lewis en Marks het intussen ook aansienlik in die goudmynbedryf belê. 'n Verbeterde infrastruktuur sou hul belange in beide Johannesburg en aan die Vaalrivier tot voordeel strek.[54]

Die Transvaalse owerheid het eerder aan die idee vasgeklou om 'n spoorverbinding tussen Pretoria en Delagoabaai (tans Maputo, Mosambiek) aan te lê as om die bou van 'n spoorlyn na Britse grondgebied te steun. Regeringsfondse was boonop skraps. Die verkorte afstandsvoordeel, politieke faktore asook die potensiële inkomste wat dit vir die ZAR ingehou het, bevestig die standpunt wat deur die ZAR-regering gehuldig was.[55]

---

[50] F.J. Potgieter, Die vestiging van die Blanke in Transvaal..., pp. 152-153.

[51] R.C. de Jongh, et al., *NZASM 100 (1887-1899) - The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company*, p. 174.

[52] TAB, SS 1047, R 1428/85, p. 142: Letter, S. Marks - President, 20.03.1885.

[53] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 46.

[54] TAB, SS 1646, R 2538/88, pp. 114-116: Brief, S. Marks - President, 21.03.1888; TA, SS 1645, R 5267/88, pp. 35-55: Petition, Johannesburg inhabitants - Magistrate of Johannesburg, 15.06.1888.

[55] D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR...*, pp. 5-6, 19, 23-29, 47-50.

In 1887 was die *Nederlands Zuid-Afrikaansche Spoorweg Maatskappij* (NZASM) met regeringshulp gestig. Twee jaar later was die oprigting van 'n spoorlyn tussen Pretoria en die Vaalrivierse steenkoolvelde in beginsel goedgekeur.[56] Teen 1890 het die NZASM onder andere met die aanlê van 'n spoorlyn, die sogenaamde *Zuiderlijn*, tussen Pretoria en Vereeniging begin. Vir hierdie doel was 'n ooreenkoms tussen die twee Boererepublieke oor die oprigting van 'n treinbrug oor die Vaalrivier in Mei 1891 bereik. Die brug was aanvanklik 'n tydelike konstruksie. Dit het die Britsbeheerde spoorlyn vanaf Kaapstad, wat die nedersetting te Vereeniging teen Mei 1892 bereik het, tot in Pretoria verbind. Die permanente treinbrug, wat sedert November 1892 in gebruik was, het die rivier suid-oos van die spoorwegstasie gekruis. Afgewerkte sandsteenklippe uit die omgewing was gebruik om die stutte van die brug te bou.[57]

Marks se entrepreneurskap was onbeperk. Nadat spoorverbinding bewerkstellig was, het hy dit in die vooruitsig gestel dat industriële ontwikkeling op die terrein sou plaasvind. Syns insiens was dit 'n uitgemaakte saak dat 'n spoorverbinding met die Kaap en die uitbreiding van die steenkoolmynbedryf, groot getalle mense sou lok.[58] Gedurende 1891 het hy en Lewis die Kaapkolonie se minister van spoorwegsake, sir James Sivewright, na die mynmaatskappy se steenkoolvelde genooi.[59]

Sivewright het 'n groot invloed in die bespoediging van die spoorlynroete deur Vereeniging gespeel.[60] Die besluit waarvolgens die *Zuiderlijn* die ZAR by Vereeniging sou ingaan het die wording van die dorp moontlik gemaak.[61] Die

---

[56] Vgl. D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR...*, pp. 56, 95.

[57] TAB, ZAR 188, *Rapporten over den bouw en de exploitatie der spoorwegen der Nederlansche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij, uitgebracht in den Volksraad der Zuid-Afrikaansche Republiek zitting 1892*, pp. 5, 11; VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 85; R.C. de Jongh, et al., *...The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, pp. 163, 166, 169-170, 173-175; vgl. kaart 1.2.

[58] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, p. 54.

[59] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 70-72.

[60] Vgl. D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR...*, pp. 97, 100, 107, 217.

[61] R.C. de Jongh, et al., *...The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, p. 162.

Kaapse spoorweg-owerheid het boonop besluit om 'n konsessie vir steenkool aan die mynvereniging toe te staan.[62] Die daarstelling van 'n spoorlyn, wat die steenkoolvelde met die goudmyne verbind het, het derhalwe ook Lewis en Marks se belange op die lang termyn bevoordeel.[63]

Die ontdekking van goud aan die Witwatersrand was die impetus vir hernude pogings tot dorpstigting. Daarsonder sou daar nooit 'n spoorlyn gewees het nie. Die goudmynbedryf, op sy beurt, het baie baat by die steenkoolmyn aan die walle van die Vaalrivier gevind.[64] Alhoewel die edelmetaal steenkool in belangrikheid oorskadu het, het goudmyne 'n nuwe afsetgebied vir steenkool geskep. Dit het verhoogde steenkoolproduksie tot gevolg gehad. Die resultaat daarvan was 'n vergrote werkerskorps wat permanente vestiging in die hand gewerk het.[65] Ekonomiese oplewing het toegeneem nadat met die oprigting van die spoorlyn in 1890 begin is.[66] Dit het die hervatting van dorpstigting en die instelling van plaaslike bestuur tot gevolg gehad.

## 2.4 Die hervatting van dorpstigting lei tot proklamering

Toe die edelmetaalbedryf teen 1889 deur 'n resessie geteister is, het beleggers in die mynbedryf na ander winsgewende moontlikhede begin soek. Marks het geglo dat die Vaalrivierse steenkoolvelde 'n ideale uitkoms gebied het. Die teenwoordigheid van onbeperkte steenkool en water in daardie gebied het hom daarvan oortuig dat die opwekking van elektrisiteit moontlik was. Daar was ook aanduiding dat ystererts in die omgewing voorgekom het.[67] Hierdie faktore het industriële potensiaal ingehou.

---

[62] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 46-48.

[63] Vgl. T.J. Keegan, *Rural transformations in industrializing South Africa...*, p. 103.

[64] VT, File 03/145, E. Rosenthal, USCO's half century (unp. manuscript, n.d.), p. 15.

[65] South African Archives, Pretoria (SAB), Department of Trade and Commerce (HEN), vol. 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

[66] Vgl. D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR...*, pp. 93-94.

[67] Vgl. VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 87,173-174.

Gebiede waar goud ontdek was, het nie dieselfde vooruitsigte gehad nie. In die Oos-Transvaal was die goudmynbedryf weens 'n waterskaarste op sy knieë gedwing. In Johannesburg het goudmyne ook 'n gebrek aan nabygeleë waterbronne ervaar.[68] Die mineraaldraende, waterryke plaasgrond van die mynvereniging (sien p. 24) het die potensiaal gehad om 'n ondersteunende rol tot die goudmyne te vervul. Die sameloop van al hierdie faktore het daartoe aanleiding gegee dat die mynvereniging die Volksraad daarvan oortuig het om die proses van dorpstigting in 1889 te hervat.[69]

Die prokureursfirma Van der Hoff en De Jongh het opdrag ontvang om die voortsetting van dorpstigting met die regering te onderhandel. Op 2 November 1889 het die prokureurs 'n versoek tot die staatspresident en die Uitvoerende Raad gerig om Vereeniging as dorp te proklameer.[70] Onderhandelings was tussen die prokureurs en die staatsekretaris gevoer. As deel van dié proses het die prokureursfirma 'n finale dorpstigtingsdokument op 14 Desember 1889 aan die regering voorgelê.[71] Die dokument is op 23 Desember aanvaar.[72] Engelstalige inwoners was van mening dat die dokument in sulke hoë Nederlands geskryf was dat die interpretasie daarvan aansienlike probleme sou oplewer.[73] Nieteenstaande hierdie opvatting was Vereeniging op 24 Desember 1889 in die naam van die mynmaatskappy geregistreer.[74] Die nuutgestigte dorp het sy naam aan die laaste woord van *De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn*

---

[68] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in die Transvaal..., pp. 246, 275.

[69] SAB, HEN 462/1/13: Letter, Town Clerk - Mr Quass, 05.10.1949.

[70] TAB, SS 684, R 3722/82, pp. 130-131: Brief, Van der Hoff & De Jongh - Staatspresident, 04.12.1889.

[71] TAB, SS 684, R 3722/82, pp. 138-141: Brief, Van der Hoff & De Jongh - Staatspresident, 14.12.1889.

[72] TAB, SS 684, R 3722/82, pp. 145-152: Ooreenkoms, Volksraad - *De Zuid Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging*, 23.12.1889.


[73] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 87.

[74] TAB, SS 684, R 3722/82, p. 113: Memorandum, Registrateur van Akte - Staatsekretaris, 24.12.1889.

**KAART 2.1:**

**Ligging van die dorpsgebied van Vereeniging met aangrensende dorpsgronde (meentgrond).**

Bron: TAB, Kaartafdeling, S 3/744.



*Vereeniging* ontleen.[75] Die bepaling van grense, asook die uitleg en beplanning van Vereeniging was ook hervat.

Dit blyk dat die ligging van die dorp sedert die aanvanklike aansoek van 1882 gewysig is. Anders as wat aanvanklik versoek was, was die uitleg met die hervatting van dorpstigting nie net tot die plaas Klipplaatdrift beperk nie. Die gewysigde dorpsplan het meerendeels die plaas Leeuwkuil betrek. Net 28 morg (24 ha) van die plaas Klipplaatdrift, gedeelte een, was vir dorpsuitleg gebruik. Dorpstigting het daarom beide die plase Klipplaatdrift en Leeuwkuil ingesluit. Terwyl die plaas Klipplaatdrift in die distrik Heidelberg geleë was, was Leeuwkuil 'n plaas in die distrik Potchefstroom.[76] Kaart 2.1 dui die ligging van die dorp aan ten opsigte van die plase waarop die voorgenome dorpstigting sedert 1889 oorweeg was.[77] Hierdie wysiging was weens goed deurdagte redes noodsaaklik, na aanleiding van die spoorlyn en padroete na Johannesburg asook die nabyheid aan die mynbouaktiwiteite.[78]

Dorpstigting is bewerkstellig toe die plaas Leeuwkuil (distrik Potchefstroom) by die distrik Heidelberg ingelyf is.[79] Hierdie hersonering het tot gevolg gehad dat Vereeniging in een landdrosdistrik, naamlik in die distrik Heidelberg, tot stand gekom het. As sodanig was die proklamasie van Vereeniging amptelik op 29 Julie 1892 deurgevoer.[80] Die distrik, met sy nuwe grense, was ook in 1892 in nuwe wyke naamlik Kliprivier, Roodekoppen en Suikerboschrand verdeel.[81] Vereeniging

---

[75] P.J. Nienaber (red.), *Suid-Afrikaanse pleknaamwoordeboek*, deel 1, pp. 378-379; P.E. Raper, *A dictionary of South African place names*, 2nd ed., p. 565.

[76] TAB, ZAR 28, *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893*, p. 663; AKT, Registrasieafdeling IQ, band 98, plaasnommers 600-621, Folio 601/1/1: Klipplaatdrift eienaarsregister.

[77] TAB, Kaartafdeling, Kaart S3/744 {Oudste kaart verkrygbaar van Vereeniging}: Dorpsplan, plase en omgewing {kaart 2.1, p. 35-keersy}.

[78] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 76-78.

[79] TAB, ZAR 28, *De locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1890-1893*, pp. 667-668.

[80] TAB, ZAR 69, R 3722/82, p. 852: Regeringsproklamasies, verw. 3722/82, *Staats-courant der ZAR (1892)*, 28.07.1892 en 29.07.1892; vgl. kaart 2.1.

[81] TAB, ZAR 177, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Republiek voor het jaar 1892*, p. 13.

het in die suid-westelike hoek van wyk Kliprivier, grensend aan die suidoostelike wyk Vaalrivier (distrik Potchefstroom), tot stand gekom.[82]

Dit was nie moontlik om die Vrystaatse plaas, Maccauvlei, by dorpstigting in te sluit nie. Dit was prakties onuitvoerbaar om 'n dorp te proklameer wat deur twee verskillende regerings beheer sou moes word. Onsuksesvolle pogings om die twee republieke te verenig, het dit onmoontlik gemaak om Maccauvlei as dorpsgebied in te skakel by Vereeniging.[83] Daar was nietemin voortgegaan om die steenkoolveld aan weerskante van die Vaalrivier te ontgin. 'n Skuinsskag en tonnel was selfs later gesink wat onder die rivier deur tot by ondergrondse werkplekke in die Vrystaat gestrek het.[84]

Dorpstigting het Marks se droom bewaarheid om 'n Suid-Afrikaanse weergawe van die Britse Sheffield te stig.[85] Marks se vennoot, Lewis, het by tye nie eersgenoemde se entoesiasme gedeel nie. Volgens Lewis was die mynboubedryf die primêre aktiwiteit wat uitgebou moes word. Verder het hy gevoel dat minstens die aanplant van bome in die omgewing geregverdig was. Marks, daarenteen, het geglo dat industriële ontwikkeling in die gebied 'n metode was om ander entrepreneurs na Vereeniging te lok en sodoende industrialisasie in die gebied te vestig. Hy het gevoel dat dit tot die benutting van Vereeniging se volle potensiaal sou lei, veral in 'n rol ondersteunend tot die goudmynbedryf.[86] Sammy Marks was die eintlike beweegkrag agter die totstandkoming en ontwikkeling van Vereeniging.

Marks was ook die inspirasie daartoe dat mense na die gebied gekom het wat 'n onskatbare bydrae tot munisipale bestuur en ruimtelike uitbouing in Vereeniging sou lewer. Gedurende 1891 het Marks aan 'n werknemer, T.N. Leslie, opdrag

---

[82] TAB, T166: Inventaris, Resident-magistraat Vereeniging, 1900-1914, p. 1; vgl. kaarte 2.1 en 2.5.

[83] TAB, SS 20, R 2122/58, pp. 278-280: Uittreksel van OVS-Volksraadsnotule {met voorstel tot vereniging tussen die ZAR en OVS} - Goewerneur G. Grey, 12.06.1858.

[84] P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, p.23.

[85] Sammy Marks Museum, Pretoria, *Sammy Marks in handel en wandel, met aantekeninge oor die huis en tuin* (brosjure opgestel deur S.J.N. Maisels {beredder van wyle S. Marks se boedel}, s.a.), p.2.

[86] R. Mendelsohn, *Sammy Marks...*, pp. 84-85.

gegee om 'n steengroef op die steenkoolvelde te open. Die doel hiervan was om boustene aan die mynwerkers, vir die oprigting van huise, te lewer. Met sy aankoms het Leslie die mynwerkers as verwaarloosde mense beskryf wat hulself in haglike omstandighede bevind het.[87]

Leslie het dadelik begin om boustene by die Wildebeesgroef uit kalkklip te vervaardig. Verskeie plaaslike swart inwoners, onder toesig van Wildebeest, was by die groef werksaam. Hierdie steengroef was aan die wes-oewer van die Kliprivier, sowat twee kilometer noord van waar dit in die Vaalrivier gevloei het.[88] Dit was onwaarskynlik dat handvervaardigde stene op die lange duur aan die toenemende behoeftes sou kon voldoen. Die vraag na boumateriaal het saam met die uitbreiding van die mynbousektor en die spoorwegontwikkeling toegeneem.[89]

Selfs voordat dit wetenskaplik bewys is, was Marks daarvan oortuig dat klei in die grond teenwoordig was. Geologiese opnames sedert 1890 het dit bevestig en daarop gedui dat vuurvaste materiaal (steenkoolsalie) saam met die steenkool ontgin kon word.[90] Hierdie vuurklei het 'n besondere industriële waarde gehad.[91] Kort na dorpstigting, met weinig kundigheid en ontoereikende toerusting, was die eerste bakstene uit vuurklei vervaardig.[92] Die vuurkleigroef het op die plaas Leeuwkuil, naby Leeuwkuilpan, voorgekom. Die oord was aangrensend tot die *Central*-skag. Die onderneming was later in 'n maatskappy omskep wat industrialisasie in Vereeniging ten grondslag gelê het.[93]

---

[87] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 71.

[88] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 233; vgl. kaart 1.2.

[89] Anon., "Company histories, no.10: Vereeniging Brick and Tile Company, Limited", *Optima*, vol.3, no.4, Dec.1953, p. 24.

[90] Vgl. E.J. Dunn: "Notes on the Dwyka coal measures...", ..., pp. 69, 72-73; Anon., "... Vereeniging Brick and Tile...", ..., p. 24.

[91] M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., p. 37.

[92] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., p. 11.

[93] *Vaalweekblad*, 27.10.1967: Berig; vgl. kaart 1.2.


**KAART 2.2:**

**Straat- en dorpsplan van Vereeniging.** (verklein)

Bron: TAB, TPB 3934, TALG 21/2/36, vol 1 {Bylae F}, kaart.

# VEREENIGING.

SKAAL. 1 : 2500



## 2.5 Ruimtelike ontwikkelingspatrone na dorpstigting


Landmeter Johan Rissik, van Johannesburg, het 'n dorpsplan volgens 'n roosterpatroon opgestel. Hy het dit gebaseer op afbakenings en opmetings wat deur E. Jorrison gedoen was. Die beplanners het die dorp met breë strate van noord na suid, parallel met die spoorlyn, en lane van oos na wes uitgemeet. Straatname het aanvanklik numeries op mekaar gevolg. Later was dit na 'n gelyke aantal vername Afrikaanse en Engelse Suid-Afrikaners asook na enkele historiese gebeurtenisse vernoem, soos uiteengesit in kaart 2.2. Die transportryersroete na Johannesburg het deur die geproklameerde dorpsgebied gestrek, in 'n strook tussen die huidige Voortrekker- en Lesliestrate. (Eersgenoemde was aanvanklik Derdestaat of Mainstraat genoem en was die hoofstraat van Vereeniging.) Die transportryerspad het deel van die roete na Johannesburg gebly.[94]

Volgens die dorpsplan was grond, wat volgens Lewis en Marks te veel was, vir die spoorwegstasie uitgesit. Doelmatige geboue is by die spoorwegstasie deur die NZASM opgerig.[95] 'n Park en markplein het oorkant die spoorwegstasie tot stand gekom. Nagenoeg 1 000 morg (sowat 8,4 km$^2$) aangrensend tot die dorpsgebied en aan die teenoorgestelde kant as die spoorlyn, was as dorpsgrond (dorpsmeent) vir weiding en die aanplant van gewasse gereserveer. Die begraafplaas was net buite die dorp, maar op die dorpsgrond aangelê. Die sentrale dorpsgebied het 'n oppervlak van 356 morg (amper 3 km$^2$) beslaan. Die 1 000 woonerwe, wat almal 200 X 100 voet (222 m$^2$) groot was, was tydens 'n openbare veiling in Johannesburg van die hand gesit. Die veiling was nie suksesvol nie. Dit was skynbaar die lot van 'n nuutgestigte dorp dat entrepreneurs en beleggers sku was

---

[94] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 86-87; TA, Municipality of Vereeniging (MVE), Band 1/1/1, p. 122: 7th Urban District Board meeting, 26.01.1904; TA, MVE 1/1/3, p. 21: 64th Municipal Council meeting, 31.10.1907; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 32, 68; TAB, Direkteur van Plaaslike Bestuur (TPB), Band 3934, TALG 21/2/36, vol. 1 {Bylae F}: Kaart, straatplan van Vereeniging, 21.01.1936 {kaart 2.2, p. 38-keersy}.

[95] TA, SS 3130 R 15563/91, pp. 39-40: Letter, Lewis & Marks - State Secretary, 21.12.1891; TA, Kaartafdeling, S 3/2048: Planne vir geboue by Vereeniging-stasie, s.a.; VT, Fotoversameling, 03/1582: Geboue by Vereeniging-stasie {foto op keersy van p. 40}.




**KAART 2.3:**

**Geografiese en infrastrukturele besonderhede van Vereeniging en omgewing.**

Bron: TA, Map Section, S 3/1421.

om hul geld aldaar te belê. Dit het ook nie veel gehelp om die spoorlyn as gunstige aansporingsfaktor te gebruik nie.[96]

Alhoewel 210 erwe tydens die veiling van die hand gesit was, het min van die kopers meer as hul deposito betaal. Net drie erwe was onmiddellik teen kontant gekoop. Vestiging in die dorpsgebied het aanvanklik traag geskied. Die konsentrasie van bedrywighede was steeds by die myne, sowat vier kilometer suid van die dorp.[97]

Mynboubedrywighede by die *Central*-myn, naby die OVS-grenspos te Viljoensdrift, was die aanvanklike kernpunt van bedrywighede en vestiging. Waar die treinspoorvertakking by Viljoensdrift opgehou het, is goedere met die pont en waens oor die rivier geneem. Die ander vertakking van die spoorlyn, wat sedert 1892 in gebruik was, het die Vaalrivier verder noord by die dorpsgebied met 'n brug gekruis. Dit was die lokaliteit van die treinbrug en spoorwegstasie wat bepalend op die ligging van dorpsuitleg ingewerk het, soos uitgebeeld in kaart 2.3. Die impak van hierdie infrastrukturele toevoegings op die omgewing het die konsentrasiepunt geleidelik weg van die steenkoolmyne verskuif.[98]

---

[96] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 85-87; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, p. 22; R.C. de Jongh, et al., *...The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, p. 170; vgl. kaart 2.1.

[97] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., pp. 45-46.

[98] TA, Map Section, Map S 3/1421: Transvaal and Orange Free State - Vereeniging, Sheet South G-35 (P-iv), n.d. {kaart 2.3, p. 39-keersy}; R.C. de Jongh, et al., *...The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, p. 169; D.J. Coetzee, *Spoorwegontwikkeling in die ZAR...*, pp. 175, 180.

**FOTO 2.1: Die eerste pos- en telegraafkantoor van Vereeniging, c.1900.**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1003.






**FOTO 2.2: Geboue by die eerste spoorwegstasie van Vereeniging.**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1582.



Bedrywighede rondom die spoorwegstasie, wat in 1892 aan die oostekant van die dorpsgebied en naby aan die rivier opgerig was, het daartoe bygedra dat die dorpsgebied toenemend benut was. Die doeanekantoor en 'n restaurant is gedurende 1892 reg by die stasiegebou opgerig. 'n Posafleweringsdiens is sedert Januarie 1892 ingestel en 'n telegraafkantoor was daarna ook in die dorp opgerig. Die NZASM het agt spoorweghuise en nog drie huise vir opsigters rondom die stasie gebou, almal gerieflike skakelhuise. Meer mense het hulself in die dorpsgebied kom vestig en woonerwe aangekoop. Woonhuise het die handelsgebied omring, in die omgewing van die spoorlyn en langs die roete na Johannesburg. Geboue van steen en sink is opgerig.[99] Dreinering van water was deur die gelykliggende aard van die omgewing bemoeilik. Tydens kwaai donderstorms was die strate in stadigvloeiende strome omskep. Inwoners was bewus van die gevare wat oorstromings en die wisselende watervlak vir Vereeniging ingehou het.[100]

## 2.6 **Aanvanklike bestuurstelsels**

Plaaslike owerhede het in die reël tot stand gekom om inwoners van bepaalde dienste te voorsien. Dit het regstreeks met gesondheids- en infrastrukturele dienste verband gehou. Landdroste was regstreeks vir die verskaffing van plaaslike openbare dienste in die dorpe van die ZAR verantwoordelik. In die buitewyke van distrikte was hierdie taak aan veldkornette en resident-vrederegters gedelegeer.[101] Wetstoepassing op die plase Klipplaatdrift, Leeuwkuil en omliggende gebiede was

---

[99] TAB, Kaartafdeling, S 3/595: Plan van doeanegebou, Vereeniging, 04.08.1892; TAB, Kaartafdeling, S 3/597: Plan van pos- en telegraafkantoor, Vereeniging, 08.05.1894; TAB, ZAR 280 - Landdros Heidelberg: Register van erfokkupasie in Vereeniging, s.a.; R.C. de Jongh, et al., *...The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, pp. 170-173; R.L. Leigh, *Vereeniging - South Africa...*, pp. 24, 32-34; M.M. Smith, 'n Geografiese studie van steenkool..., p. 217; VT, Fotoversameling, 03/1003: Pos- en telegraafkantoor, Vereeniging (1900) {foto op keersy van p. 40}; vgl. kaart 2.3.

[100] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 88, 169-172, 178-179; P.J. Rossouw & H.N. Visser (reds.), *...die steenkoolveld Vereeniging-Clydesdale...*, pp. 4, 29; VT, Fotoversameling, 03/8452: Rivier se destruktiewe krag.

[101] J.J.N. Cloete, *Towns and cities: their government and administration*, pp. 14-15; J.J.N. Cloete, *Sentrale, regionale en plaaslike owerheidsinstellings van Suid-Afrika*, p. 222; H.J.N. Kotzé (samesteller), *Aspekte van munisipale regering en administrasie*, pp. 5-9.





**FOTO 2.3: Die *Grand Hotel* - eerste hotel in Vereeniging**

Bron: VT, Fotoversameling, 03/1114.

sedert blanke vestiging deur veldkornette vir die wyk Suikerboschrand (distrik Heidelberg) en wyk Vaalrivier (distrik Potchefstroom) behartig.[102]

Teen 1891 was mynboubedrywighede al 'n aansienlike tyd aan die gang. Verder was die aanlê van 'n spoorlyn vanaf Bloemfontein reeds in 'n gevorderde stadium. Die brug oor die Vaalrivier was ook in aanbou. Hierdie ontwikkelings het handelsaktiwiteite en die verkeer van mense by die nedersetting aansienlik laat toeneem. 'n Paar winkels en 'n hotel het reeds in die voorgenome dorpsgebied verrys en die proklamering van die dorp was bykans afgehandel.[103] Winkeliers het hulself aan smokkelhandel skuldig gemaak. Dit was aan ontoereikende grensbeheer toegeskryf. Niemand was direk vir beheer en kontrole by die grensoorgang verantwoordelik nie. Die regering is versoek om grenspolisie aan te stel en om die aangeleentheid te ondersoek.[104]

Lewis en Marks het die owerhede van die ZAR reeds in 1891 versoek om bandiete as steenkoolmynwerkers beskikbaar te stel. Die vennote het gereken dat 100 tot 200 gevangenes van groot hulp sou wees. Volgens hulle het beide die gesondheids- en veiligheidstoestande op die myne van 'n hoë standaard getuig. Die versekering was boonop gegee dat, indien hulle aansoek suksesvol sou wees, goeie geboue as huisvesting verskaf sou word.[105] Die regering het die voorstel goedgunstiglik oorweeg, maar het later 'n probleem ontwikkel toe die aanvraag na bandiete te groot geword het. Marks het verskeie ander suksesvolle pogings aangewend om arbeid na Vereeniging te lok.[106] Die koms van arbeiders na die steenkoolnedersetting het die belangrikheid van die aanstelling van die plaaslike owerheid onderskryf.

---

[102] H. Stander, Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging..., p. 8.

[103] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 83-87: Petisie, inwoners te Vereeniging - Regering, 30.10.1891; VT, Fotoversameling, 03/1114: Die *Grand Hotel* - eerste hotel in Vereeniging {foto op keersy van p. 41}.

[104] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 80-82: Brief, Belastinggaarder - Inspekteur-genl. van invoerregte, 22.12.1891.

[105] TA, SS 3130, R 15562/91, pp. 39-40: Letter, Lewis & Marks - State Secretary, 21.12.1891.

[106] R. Mendelsohn, '...the country is rotten with coal'..., pp. 9-10, 19-22.

Dit het moeilik geword om beheer vanuit Heidelberg of Potchefstroom oor die steenkoolvelde uit te oefen. Die naaste veldkornet was agt uur te perd van die nedersetting af. Daar was van die plaaslike belastinggaarder, J.S. Hoffman, verwag om wet en orde te handhaaf. Volgens hom het die nodige volmag ontbreek om wetstoepassing te behartig. Hy het die regering daaroor ingelig dat mense die toestand uitgebuit het. Swartmense het byvoorbeeld nie hul verpligte pasgelde betaal nie.[107]

Gevalle van moord, verdrinkings, gevegte, diefstal en dronkenskap het voorgekom. Selfs 'n dinamietontploffing, waarin twee mans gedood is, was nie behoorlik ondersoek nie. Die blankes was verontrus oor die onbeheerde toevloei van swartmense na die gebied.[108] Vroeg in 1892 het die Uitvoerende Raad dit begin oorweeg om 'n meer direkte vorm van bestuur in die gebied tot stand te bring.[109] Hulle was aanvanklik genoop om wet en orde met behulp van twee berede polisiemanne te handhaaf.[110] G.C. Breedt en S.J. Grobler het vanaf Maart 1892 in hierdie hoedanigheid diens gedoen.[111] Hierdie stap het gevolg op aanhoudende klagtes vanuit die steenkoolveld.

Persone wat hulself as *"inwoners of burgers...in het distrik Potchefstroom aan het Vaalrivier naby Vereeniging"* beskryf het, het 'n petisie in Oktober 1891 opgestel waarin die owerheid versoek was om 'n resident-vrederegter in die gebied aan te stel. Die here, Lewis en Marks, het die petisie ook onderteken. S.J. Strijdom het die versoekskrif opgestel. Hierin het hy, namens die inwoners, die aanstelling die plaaslike belastinggaarder, J.S. Hoffman, vir die posisie aanbeveel. Die ondergetekendes, almal met Afrikaanse vanne, het geglo dat Hoffman bevoeg was

---

[107] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 77-78: Brief, J.S. Hoffman - Staatsekretaris, 02.01.1892.

[108] TAB, SS 3145, R137/92, p. 89: Brief, S.J. Strijdom - Regering, 30.10.1891.

[109] Vgl. TAB, SS 3145, R 137/92, p. 54: Memorandum, Staatsekretaris - Uitvoerende Raad, 13.01.1892.

[110] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 54: Memorandum, Kommandant van Polisie - Staatsekretaris, 20.02.1892.

[111] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 90-91: Memorandums, Staatsprokureur - Staatsekretaris, 14.03.1892.

om beide take te volvoer.[112]

Bogenoemde petisie het gevolg op verskeie vorige versoeke met dieselfde strekking. Die veldkornet vir wyk Vaalrivier, C. Engelbrecht, het die owerheid reeds teen April 1892 daarvan verwittig dat hy nie in staat was om die belastinggaarder voortdurend met die handhawing van wet en orde by te staan nie. Die veldkornet was ook gereeld deur Marks ingeroep om die gewapende verset van swartmense te hanteer. Weens sy veelvuldige pligte, nader aan Potchefstroom, het hy dit onmoontlik gevind om permanent in die nedersetting diens te doen. Hy het verder gekla dat daar reeds te veel mense in die omgewing was. Volgens hom was 300 swart mynwerkers by die steenkoolmyn werksaam en nog soveel was by die aanbou van die spoorlyn betrokke. Hy het ook voorgestel dat die belastinggaarder as resident-vrederegter aangestel moes word.[113]

Die mynvereniging het die gemeenskap heelhartig ondersteun. Hulle het die regering ook vir die aanstelling van 'n resident-vrederegter versoek. In hul versoek is melding van die meer as 200 erwe gemaak waarop daar teen 1892 reeds koopaanbiedings ontvang was. Volgens hulle het die nedersetting aansienlik in 'n kort bestek gegroei. Groot afstande tussen die nedersetting en onderskeidelik Potchefstroom en Heidelberg, waar administratiewe- en regsake afgehandel moes word, het ook die aanstelling van 'n resident-vrederegter geregverdig. Die mynbestuur was dit eens dat J.S. Hoffman as resident-vrederegter aangestel moes word. Hulle het boonop onderneem om die staat met die betaling van sy salaris tegemoet te kom.[114]

Die regering het nie ongevoelig teenoor die behoefte van die gemeenskap gestaan nie. Verskillende regeringsdepartemente was dit eens dat die aanstelling van 'n resident-vrederegter noodsaaklik geword het.[115] Die aanstelling van die plaaslike

---

[112] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 83-87: Petisie namens inwoners te Vereeniging - Regering, 30.10.1891.

[113] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 92-93: Brief, C. Engelbrecht - Uitvoerende Raad, 02.04.1892.

[114] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 99-101: Brief, *De Zuid-Afrikaansche en Oranje Vrijstaatsche Kolen en Mineralen Mijn Vereeniging* - Staatsekretaris, 11.05.1892.

[115] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 107: Brief, Inspekteur-genl. van invoerregte - Staatsekretaris, 14.05.1892.

belastinggaarder as resident-vrederegter was reeds in Januarie 1892 gemagtig.[116] Die staat moes egter eers vir sodanige aanstelling begroot.[117] Nadat 'n petisie van 25 mense met Engelse vanne aan die landdros van Potchefstroom in Junie 1892 voorgelê is, het hy hom ook vir die aanstelling van 'n resident-vrederegter beywer. Die ondertekenaars van die petisie het egter ene D.J. Papenfus as geskikte kandidaat aanbeveel.[118]

Dit was nie net Hoffman en Papenfus wat vir aanstelling oorweeg kon word nie. Verskeie ander geskikte kandidate het hul aansoeke aan die regering gestuur. Hulle was F.J. van Aardt, van Venterskroon, A.F. Arnoldi, uit Pretoria en S. Lombaard, van Heidelberg.[119] Daar was ook ander wat besef het dat die aanlê van die nuwe dorp werksgeleenthede geskep het. Dit het mense ingesluit wat onder andere hul dienste as luitenant, bode en landdros vir Vereeniging en Meyerton aangebied het.[120]

Heelwat korrespondensie was oor die aanstelling van 'n landdros, bo en behalwe 'n resident-vrederegter, gevoer. Etlike petisies was selfs ten gunste van D.S. Smith opgestel. Gesiene persone uit die omgewing en in regeringskringe het die aanstelling van 'n landdros te Vereeniging ondersteun. In hulle geledere was 'n veldkornet, die Inspekteur-generaal van invoerregte, 'n prokureur en 'n ingenieur. Verskeie plaasboere het hulself vir dieselfde doel beywer.[121] Die regering het egter met die aanstelling van 'n resident-vrederegter volstaan.

---

[116] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 53: Memorandum, Staatsekretaris - Staatsprokureur, 07.01.1892.

[117] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 62-63: Notule, Uitvoerende Raad, artikel 733, 02.06.1892.

[118] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 118: Petisie aan Landdros van Potchefstroom, 14.06.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 117: Brief, Landdros van Potchefstroom - Staatsekretaris, 20.06.1892.

[119] TAB, SS 3145, R 137/92, p. 94: Brief, F.J. van Aardt - Uitvoerende Raad, 01.05.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 108: Brief, A.F. Arnoldi - Staatsekretaris, 31.05.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 134: Brief, S. Lombaard - Staatsekretaris, 15.07.1892.

[120] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 96-98: Brief, S.J. Grobler - Uitvoerende Raad, 02.05.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 105: Brief, S.J. Grobler - Staatsekretaris, 12.05.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 126-127: Brief, D.S. Smith - Uitvoerende Raad, 01.07.1892.

[121] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 74-76: Brief, Inspekteur-genl. van invoerregte - Staatsekretaris, 04.01.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 147: Brief, Kieskomitee {en agt ander} - Staatsekretaris, 16.08.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 148-150: Petisie {met 49 handtekeninge} - Uitvoerende Raad, 24.06.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 154-156: Petisie {met 84 handtekeninge} - Uitvoerende Raad, 24.06.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp.151-153: Petisie {met 34 handtekeninge} - Uitvoerende Raad, 02.07.1892.

Twee dae nadat belastinggaarder Hoffman weer eens die kwessie van losbandigheid onder die aandag van die owerheid gebring het, was hy gevra om die tuig as resident-vrederegter op te neem. Hy het die posisie onmiddellik aanvaar en het dadelik ook gevra dat ten minste een blanke en twee swart konstabels aangestel moes word om hom by te staan. Hy het hierdie versoek later herhaal. Verder het hy ook versoek om sy eed eerder voor die mynkommissaris van Johannesburg af te lê omdat dit heelwat nader aan Vereeniging as Heidelberg was. Hy is op 7 Julie 1892 in Johannesburg ingesweer. Daarna het hy sy pligte teen 'n jaarlikse salaris van £150 uitgevoer.[122]


Op hierdie wyse het plaaslike bestuur sy beslag in Vereeniging gekry. Teen die middel van 1892 was beide die dorp en sy bestuur gevestig. Dit was bestuur volgens die hiërargiese model wat in die ZAR bestaan het. Die ontwikkeling van dorpsbestuur sou onder andere van die mate van dorpsuitbreiding afhang. Dit was ook duidelik dat swartmense geen rol in die vestiging van die dorp en plaaslike bestuur gespeel het nie. Indien die karakter van vestiging rondom die steenkoolvelde aan die Vaalrivier met ander ZAR-dorpe vergelyk word, het dit 'n unieke vestigingspatroon aangeneem.

## 2.7 'n Vergelyking tussen die dorpstigtingsproses in die ZAR en dié van Vereeniging

Die ZAR was deur die vroeë blanke nedersetters as 'n gebied met uitstekende landbou en veeteel potensiaal gereken. Die moontlikheid van mynbou was vanuit die staanspoor nooit uitgesluit nie.[123] Hierdie faktore het vestigingsmoontlikhede ingehou. Plaaslike bestuur in die ZAR was vanuit die staanspoor sterk

[122] TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 112-113: Telegraaf, Belastinggaarder - Staatsekretaris, 27.06.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 123: Telegraaf, Belastinggaarder - Staatsekretaris, 29.06.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 128: Telegraaf, Belastinggaarder - Staatsekretaris, 04.07.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 129: Telegraaf, Belastinggaarder - Staatsekretaris, 05.07.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, p. 130: Notule, Uitvoerende Raad, artikel 692, 08.07.1892; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 146: Sertifikaat, eed van J.S. Hoffman as resident-vrederegter, 07.07.1892.

[123] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 336-350.




KAART NO. 46.

**KAART 2.4:**

**Dorpe van die ZAR teen 1884.**

Bron: TAB, Atlas 911.68, kaart nr. 46.

gesentraliseer en het by die landdros van 'n distrik berus. Hy was verantwoordelik vir jurisdiksie, waterverskaffing, uitleg van dorpe, algemene gesondheid, verkeersreëlings, die skut en die mark. Hy het beheer oor drankverkope en die teenwoordigheid van swartmense in die dorp uitgeoefen. Behalwe vir veldkornette was hy bygestaan deur 'n kommandant, markmeester, skutmeester en 'n waterfiskaal. Regspraak was deur die landdros in die hoofdorp van die distrik uitgevoer. Vestiging in die ZAR het in hierdie milieu plaasgevind.[124] Dorpe wat tot laat in die negentiende eeu in die ZAR tot stand gekom het, word op kaart 2.4 aangedui.[125]

Bepaalde faktore het vestigingspatrone in die ZAR beïnvloed. Uit vrees dat onmin tussen blank en swart kon ontstaan, was blankes aanvanklik ontmoedig om hulle naby aan swartmense te vestig. Tussen 1853 en 1884 is verskeie wette aangeneem waarvolgens reservate vir swart vestiging toegeken was. Uiteindelik kon swartmense hulself net in lokasies vestig. Die regering het verder die regte op mineraaldraende grond, woude en soutpanne uitgehou. Alle grond wat boonop nie in besit geneem is nie, was as staatsgrond beskou. Veldkornette het opdrag ontvang om toe te sien dat geen ongemagtigde vestiging op staatsgrond plaasvind nie. Swartmense het hulself nie noodwendig aan sulke regeringsvoorskrifte onderwerp nie.[126]

Bevolkingskonsentrasies het die basis van dorpstigting in die ZAR gevorm. Blanke dorpe was nie volgens 'n vasgestelde reël geproklameer nie. Die Volksraad het ook nie konsekwent opgetree nie. Dit het soms heelwat oortuiging gekos voordat 'n dorp geproklameer was. Sommige dorpe was eers behoorlik geproklameer lank nadat bevolkingsverdigting plaasgevind het. In ander gevalle was dorpe gestig sonder dat dit geregverdig was. Dorpe was meestal op inisiatief van òf die regering òf die vernaamste kerkgenootskappe gestig. In laasgenoemde geval het dit

---

[124] TAB, ZAR 25/1, *Locale wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*, p. 53-61; TAB, SS 3145, R 137/92, pp. 77-78: Brief, J.S. Hoffman - Staatsekretaris, 02.01.1892.

[125] TAB, Atlas 911.68, E. Stockenstrom, *Historiese atlas van Suid-Afrika*, kaart nr. 46: "Transvaal, 1884" {kaart 2.4, p. 46-keersy}.

[126] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 214-217; B.J. Krüger, Diskussies en wetgewing rondom die landelike arbeidsvraagstuk..., p. 29.

gewoonlik tot die stigting van 'n kerkdorp gelei. Weinig dorpe kon hul stigting aan privaatinisiatief toeskryf. Markdorpe het langs belangrike roetes en later langs spoorlyne ontwikkel. Myndorpe het na 1873 tot stand gekom. Dorpe by die goudriwwe het aanvanklik nie permanente dorpstatus verkry nie. Die meeste dorpe in die ZAR was as kerkdorpe gestig, veral die eerste dorpe.[127] Alhoewel die meeste dorpe in een van die bogenoemde kategorieë geplaas kon word, het elkeen mettertyd 'n unieke karakter aangeneem.

Kerkdorpe was die samekomsplek van kerkgangers van die omliggende plase. 'n Beskikbare plaas was gewoonlik hiervoor onderverdeel. Huise was rondom 'n kerkgebou opgerig. Handelsaktiwiteite het 'n ondergeskikte rol in die vroeë kerkdorpe gespeel. 'n Stuk dorpsgrond was gewoonlik rondom die dorp uitgehou waar dorpsbewoners 'n beperkte boerdery kon bedryf. Sowel kerke as huise was aanvanklik van hout en riet gebou. Hartbeeshuise en strukture van klip- en kleimure met dakke van hout en gras was later opgerig. Geboue van steen was meerendeels teen 1870 en daarna opgerig. Dorpserwe was gewoonlik met die aanplant van wilgerbome en selfs vrugtebome, granaatbome of kaktusse begrens.[128]

Dorpe was gewoonlik by 'n waterbron gestig. Verval het ingetree in gevalle waar hierdie faktor nie met dorpstigting in ag geneem was nie. Water was gewoonlik vanuit 'n nabygeleë rivier na die woonerwe aangelê. Oop slote was vir hierdie doel gegrawe. Die slote het terselfdertyd as stormwaterstelsel gedien. Dorpe was gewoonlik volgens 'n roosterplan uitgelê met breë strate en lane. Huise was tradisioneel deur individue sonder staatshulp opgerig.[129]

'n Paar dorpe het teen hierdie agtergrond in die loop van die negentiende eeu tot stand gekom. Potchefstroom, Andries Ohrigstad, Zoutpansberg, Lydenburg en Rustenburg was reeds teen 1855 gestig. Ander saamtrekkingspunte, wat toe nog nie dorpstatus gehad het nie, het aan die Apiesrivier en Suikerbosrand voorgekom.

---

[127] Vgl. T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 29-31, 38; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 56-57, 104-105, 110, 112-115, 127.

[128] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 122-124, 218, 221-222; T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 29-31.

[129] T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, pp. 31-32, 83; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., p. 273.

Potchefstroom, in die suidweste, was in daardie tyd die politieke hoofsetel van die ZAR.[130]

Die water van die Mooirivier asook die beskikbaarheid van brandhout, weivelde en vrugbare grond was die vernaamste redes tot die stigting van Potchefstroom in 1840. 'n Kerkgebou het feitlik onmiddelik verrys. Tot kort voor die ontdekking van goud het Potchefstroom die hoogste bevolkingsyfer van alle ZAR-dorpe gehad. Die dorp was later ideaal op die handelsroete tussen die binneland en die diamantvelde geleë. Verskeie kerke, regeringskantore, handelsinstellings en ander besighede is mettertyd in die dorp opgerig.[131] Plaaslike bestuur in Potchefstroom was in 1884 ingestel. Teen 1888 het die plaaslike bestuursraad ontbind. Gevolglik was die bestuur van Potchefstroom in 1889 weer aan die landdros opgedra.[132]

Andries Ohrigstad, in Oos-Transvaal, het in 1845 tot stand gekom. Zoutpansberg (later Schoemansdal) is in 1848 in die noorde van die ZAR gestig. Beide het hul ontstaan onder andere te danke aan optimisme oor die potensiële handel met ivoor gehad. Hierdie twee dorpe het vinnig na dorpstigting uitgebrei, maar mettertyd was ontwikkeling stadig. Beide het later tot niet gegaan. Benewens die feit dat hulle as sentraal vir kerkdienste beskou was, het die strategiese teenwoordigheid van riviere en berge 'n invloed op die keuse van lokaliteit uitgeoefen. Dit was boonop voordelig om hierdie dorpe as deel van die handelsroetes aan te lê, veral na die hawens van Delagoabaai en/of Durban.[133]

Lydenburg, naby Andries Orighstad, het as 'n kerkdorp in 1850 tot stand gekom. Die dorp is met breë strate uitgemeet. Behalwe vir 'n kerk, het die dorp enkele

---

[130] J.J.N. Cloete, "Die ontstaan en ontwikkeling van munisipale bestuur en administrasie van Pretoria tot 1910", A. Keiser e.a. (reds.), *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, jg. 23, deel 1, 1960, p. 2; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 63, 162-163.

[131] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 55-61, 167; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 350, 388-391.

[132] TAB, SS 5125, R 10954/89, p. 43: Telegraaf, Publieke aanklaer - Staatsprokureur, 19.12.1895; TAB, SS 5125, R 4525/89, pp. 49-50: Memorandum, Staatsprokureur - Staatssekretaris, 20.11.1888.

[133] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 373-375; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 63-79, 84.

handelsaktiwitiete aan boere in die omliggende omgewing gebied. Verder het dit 'n sendingstasie en 'n skool gehuisves. Ontwikkelingspotensiaal het vanuit die staanspoor ontbreek. Hierteenoor was Rustenburg 'n dorp wat meer ontwikkeld was as Lydenburg. Die Maricorivier het vestiging in Rustenburg tot voordeel gestrek. Aansienlike getalle mense het hulself rondom Rustenburg gevestig. Lydenburg was ook nie in hierdie opsig met Rustenburg vergelykbaar nie. Eersgenoemde het eers werklik groei getoon nadat goud teen 1873 in die omgewing ontdek is. Die opbloei was tydelik van aard aangesien daar nie voldoende spoelgoudreserwes was om konstante groei te waarborg nie.[134]

Middelburg, wat in die vroeë jare as Nasareth bekend gestaan het, het na 1855 rondom 'n kerkgebou ontwikkel. Die dorp het sy onstaan aan kunsmatige redes te danke gehad. Dorpstigting was oorweeg met die doel om die omgewing digter te bevolk. Hierdie plan was nie suksesvol nie. Middelburg, wat tussen die Witwatersrand en die grens van Mosambiek geleë was, het eers begin ontwikkel nadat die Lydenburgse goudveld in 1873 ontdek was.[135] Die kerkgebou was lank die belangrikste gebou in die dorp.[136] Die dorp was nietemin van groot strategiese en militêre belang vir die ZAR. Dorpsbestuur is deur die plaaslike kerkraad behartig. Die mening was reeds in die negentiende eeu gehuldig dat Middelburg se toekomstige groei net deur 'n verbeterde infrastruktuur en gevolglike verbinding met 'n hawe gewaarborg kon word.[137] Ander kerkdorpe, wat ook verrys het en weens dieselfde en ander redes 'n sukkelbestaan gevoer het, was Zeerust, Nylstroom, Potgietersrus, Amersfoort en Swartruggens.[138]

Teen 1853 het die bevolking aan die Apiesrivier sodanig toegeneem dat daar 'n behoefte ontstaan het om 'n dorp tot stand te bring. In 1857, 'n jaar nadat 'n kerk gebou was, het opmetings vir 'n dorp begin. Die dorp sou Pretoria heet.

---

[134] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 66-70, 81-84, 103-104, 112, 121, 167, 170, 174; F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 360-368, 380-383.

[135] T.B. Floyd, *Town planning in South Africa*, p. 23; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 102-105, 258.

[136] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, p. 28.

[137] F.L. Cachet, *De worstelstrijd der Transvalers*, pp. 369 - 372.

[138] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 83, 86, 106, 110-113, 120.

Fonteinwater het dit moontlik gemaak om woonerwe met genoegsame water te bedien. Dit het vestiging in die dorpsgebied vergemaklik. Die ligging van Pretoria was sodanig dat dit teen 1860 'n sentrale vergaderplek vir lede van die Volksraad geword het.[139] Benewens 'n kerkgebou, het 'n poskantoor en 'n paar ander geboue deel van die kerkplein uitgemaak. Hierdie geboue was hoofsaaklik deur die distrik se boeregemeenskap ter viering van die halfjaarlikse nagmaal benut. Die kerkplein was ook vir markdoeleindes aangewend.[140]

Tussen 1873 en 1886, met die ontdekking van goud aan die Witwatersrand, was Pretoria die bymekaarkomplek van oorsese fortuinsoekers op hul weg na die Oos-Transvaalse goudvelde. Die dorp het as handelsentrum vir transaksies tussen delwers gedien. Sodoende het 'n vraag na akkomodasie ontstaan. Teen 1866 was daar 'n hotel, vyf winkels en 'n drukkery in Pretoria. Etlike prokureurs, slagters, bakkers, landmeters en smouse het daarna ook na Pretoria verhuis. Teen 1870 het die getal winkels en drankwinkels in Pretoria aansienlik gestyg. Pretoria het met die ontstaan van Johannesburg in gewildheid afgeneem.[141]

Plaaslike bestuur in Pretoria was aanvanklik deur die sentrale regering behartig.[142] In 1864, nadat inwoners dit versoek het, het Pretoria die eerste dorp in die ZAR geword met 'n plaaslike bestuurstelsel. Die munisipale owerheid het nie die mas opgekom nie. In dieselfde jaar het hulle die bestuur van Pretoria weer aan die regering oorgelaat.[143] Binne 15 jaar het gesondheidstoestande in die dorp kommerwekkende afmetings aangeneem.[144]

---

[139] J.J.N. Cloete, "Die ontstaan en ontwikkeling van munisipale bestuur en administrasie van Pretoria...", ..., pp.2-3; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., p. 102, 163-165.

[140] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 36-37; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., p. 148.

[141] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 52-55, 62; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 148-149.

[142] J.J.N. Cloete, "Die ontstaan en ontwikkeling van munisipale bestuur en administrasie van Pretoria...", ..., p. 30.

[143] TAB, SS 59, R 829/64, pp. 251-252: Brief, G.C. van Leeuhof - Uitvoerende Raad, 21.09.1864.

[144] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., p. 245.

**KAART 2.5:**

**Distrik- en wykindeling in die ZAR teen 1886.**

Bron: F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., kaart C.



Dit het tot die herinstelling van munisipale bestuur in 1880 aanleiding gegee. Raadslede is demokraties verkies. Die uitbreek van die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881), kort ná die verkiesing, het die instelling van 'n verkose dorpsbestuur vir 'n tweede keer in die wiele gery. Die sentrale regering het munisipale bestuur weer eens tydens en na afloop van die oorlog gesentraliseer. Tussen 1887 en 1892 het Pretoria met vyf voorstede uitgebrei.[145]

Teen 1896 het die verwaarlose toestand van strate en die afwesigheid van sanitêre dienste 'n rede tot kommer gewek. Die owerheid het in 1897 toestemming vir die instelling van 'n tydelike dorpsraad verleen. Plaaslike bestuur is in 1898 hervat. Erfbelasting is as munisipale inkomste bron gehef. Met krygsverrigtinge gedurende die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) was dorpsbestuur deur die militêre owerheid oorgeneem. Na afloop van die oorlog was die stelsel van verkose munisipale bestuur weer ingevoer. Sedertdien het Pretoria 'n blanke demokraties verkose plaaslike bestuurstelsel gehad.[146]

In die omgewing van die Suikerbosrandgebied, aan die Vaalrivier, het een van die vroegste konsentrasiepunte na afloop van die Groot Trek beslag gekry. Teen die middel van die negentiende eeu het 'n aansienlike getal mense gewoon waar Heidelberg later gestig is. Versoeke tot dorpstigting in die gebied dateer uit so vroeg as 1860. Teen 1864 was goedkeuring tot die oprigting van 'n kerk verleen. Twee jaar later het die regering die distrik Heidelberg gestig, met die dorp as hoofsetel. 'n Landdros is as uitvoerende beampte oor die distrik aangestel.[147] Vereeniging en die bedrywighede by die steenkoolmyne het onder sy gesag gestaan, soos uitgebeeld deur kaart 2.5.[148]

---

145 Anon., "Eerste burgemeester was nooit in stoel", Bylaag tot *Die Vaderland* {Pretoria eeufees}, 27.08.1955, p. 14; Anon., "Oudste voorstad", Bylaag tot *Die Vaderland* {Pretoria eeufees}, 27.08.1955, p. 14; H.P.H Behrens, "Eerste Pretorianers gekant teen munisipaliteit", Bylaag tot *Die Vaderland* {Pretoria eeufees}, 27.08.1955, p. 63.

146 TA, T119: Inventory of the Town Clerk of Pretoria, 1897-1975, pp. 5-6.

147 TAB, T44: Inventaris, ZAR-landdrosdistrikte, pp. 47-48; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 57, 114-115; vgl. TAB, Kaartafdeling, Kaart S 3/472: Stigting van dorpe in Transvaal met aantonende datums, 29.04.1868.

148 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., kaart C {"Distriks- en wyksindeling van Transvaal in 1886", kaart 2.5, p. 51-keersy}.

Diamantontdekkings te Griekwaland-Wes het beslag aan die dorp Bloemhof, aan die Vaalrivier, in 1868 gegee. Vanweë sy afgeleë ligging, was dié ontwikkelingsentrum 'n jaar later tot 'n distrik geproklameer. Lichtenburg, tussen Bloemhof en Rustenburg en naby Zeerust, was in 1873 as kerkdorp gestig. Na die stigting van Lichtenburg het geen nuwe dorpe tot en met 1878 in die ZAR tot stand gekom nie. Die groep gouddelwers in Pelgrimsrust was wel sedert 1873 toegelaat om 'n mynwerkersraad, as vorm van plaaslike bestuur, in die nedersetting aan te stel.[149]

Teen 1878, ná die eerste Britse bestetting van die ZAR in 1877 en weens die toenemende ontdekking van goudriwwe, was daar veral 'n toename in dorpstigting op die Hoëveld. Nuwe distrikte is ook geskep omdat bevolkingsverdigting plaasgevind het. Standerton was in 1878, ten tyde van dorpstigting, terselfdertyd as aparte distrik verklaar. Ermelo het op inisiatief van die plaaslike kerkraad in 1880 tot stand gekom. Twee jaar later het die dorp die sentrum van die nuutgestigte distrik Ermelo geword.[150]

Na die stigting van Ermelo is verskeie ander dorpe op die oostelike Hoëveld gestig. Hul totstandkoming kon veral aan 'n bevolkingstoename in die gebied toegeskryf word, onder andere weens die goudontdekkings. Bethal, nie ver van Ermelo af nie, is in Oktober 1880 deur die Britse bewind tot dorp verkaar. Roburnia, 'n dorp oos van Ermelo, is in 1881 tot dorp verklaar. Nadat die Volksraadstelsel weer in 1882 in die ZAR in werking gekom het, was daar besluit om die dorp eerder Amsterdam te noem. In dieselfde jaar was die dorp Piet Retief, suid-oos van Ermelo, gestig. Carolina, noord van Ermelo, het in 1885 tot stand gekom.[151]

Verskeie nedersettings regoor die ZAR het ontwikkel nadat die Volksraad se bewind weer oor die land herstel is. Pietersburg het in 1886 'n belangrike sentrum van ontwikkeling in die noorde geword. Ventersdorp, noord van Potchefstroom, was reeds teen 1883 bewoon. Die proklamasie van die dorp het egter eers in 1887

---

[149] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 112-114, 172, 179.

[150] F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 169-176.

[151] TAB, ZAR 25/3, *Locale wette der Zuid-Afrikaansche Republiek, 1849-1885*, pp. 1145-1146; F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 176-178.

plaasgevind aangesien daar aanvanklik gevrees was dat die dorp se waterbron uitgeput kon raak. Barberton, op die oostelike Hoëveld, het met die ontginning van goud in die tagtigerjare feitlik oornag tot 'n dorp ontwikkel. 'n Mynkommissaris was sedert die einde van 1885 daar in beheer. Daarenteen was Klerksdorp, wes van Potchefstroom, eers in 1888 as dorp geproklameer alhoewel dit reeds so vroeg as 1850 'n godsdienstige saamtrekpunt was.[152]

Die ontdekking van goud op die Witwatersrand het aan Johannesburg sy beslag in 1886 gegee.[153] Die tempo waarteen die mynbedrywighede uitgebrei het, het dit regverdig dat 600 standplase kort ná die bekendmaking van die ontdekking uitgemeet is. Voorsiening was ook vir 'n hoofstraat en ander strate gemaak. Die Volksraad het Johannesburg egter nie as 'n dorp geproklameer nie. Derhalwe het dit die totstandkoming van 'n plaaslike bestuurstelsel bemoeilik. Die nedersetting was aanvanklik deur 'n delwerskomitee met spesiale magte bestuur. Dit is in 1887 met die instelling van 'n Gesondheidskomitee vervang. Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Johannesburg het 'n sterk politieke karakter aangeneem. Gedurende 1897 het Johannesburg stadsraadstatus te beurt geval. Johannesburg was nie meer net as 'n tydelike mynkamp gereken nie. Die Afrikanerregering het hul siening, oor die toekoms van 'n nedersetting rondom die goudmyne, noodgedwonge gewysig. Hulle moes genoeë met die feit neem dat Johannesburg 'n kosmopolitiese stad geword het waarin hulle weinig inspraak sou hê.[154]

---

152 F.J. Potgieter, Die vestiging van die blanke in Transvaal..., pp. 57, 178-179.

153 V.R. Markham, *South Africa, past and present: an account of its history, politics and native affairs*, p. 365.

154 M.S. Appelgryn, Die ontwikkeling van plaaslike bestuur in Johannesburg, 1886-1899 (ongep. M.A.-verhandeling, RAU, 1971), pp. 7, 13-14, 32; 74-82, 87-92, 254-267.

Die Effektebeursgebou en markplein het baie bedrywig geword. Standplase, wat op privaatinisiatief rondom die goudveld uitgemeet is, was meestal verhuur.[155] Dit het permanente vestiging bemoeilik. Baie inwoners het lank as plakkers rondom die goudmyne gewoon. Boukoste was te hoog vir die oprigting van behoorlike, privaat behuising. Swart mynwerkers het in kampongs gewoon. Swak beheer is oor hulle uitgeoefen.[156] Johannesburg het in karakter van ander dorpe in die ZAR verskil. Mynbou was daar die belangrikste ekonomiese aktiwiteit.

Die dorp Meyerton, noord en aangrensend tot Vereeniging, is gedurende Augustus 1892 as dorp geproklameer. Die Nederlandse spelvorm, ***Meijerton***, was aanvanklik gebruik. Meyerton het langs die spoorlynroete na Johannesburg ontstaan. Die dorp het aanvanklik weinig gegroei. Die NZASM het 'n stasiegebou, soortgelyk aan die een in Vereeniging, asook enkele huise in dié yl bevolkte spoorwegdorpie opgerig. Dit was aangrensend tot die Springfield-steenkoolveld aangelê en het tot die plaaslike industriële potensiaal bygedra.[157] Meyerton het 'n maand voor Vereeniging tot stand gekom.

Indien 'n vergelyking tussen die ontstaan van Vereeniging en ander ZAR-dorpe getref word, blyk dit dat elke dorp in die ZAR weens 'n spesifieke doel gestig was. Die eerste dorpe, tot ongeveer 1855, was oorwegend as kerkdorpe gestig. Daarna het ekonomiese ontwikkeling 'n rol begin speel. Die invloed van handelsaktiwiteite het toegeneem. Markdorpe het langs handelsroetes ontstaan. Bepaalde groei het voorgekom waar dorpe 'n funksie as regering setel vervul het. Die ontginning van minerale, ná 1873, het beslag aan dorpe gegee wat meer geneig tot handels- en mynaktiwiteite was. Johannesburg en Vereeniging het uitsluitlik as myndorpe ontstaan. Waterbronne was 'n bepalende faktor in die voortbestaan van myndorpe. In hierdie opsig was Vereeniging vanuit die staanspoor ondersteunend

---

[155] VT, File 03/13558, Memoirs of Dr T.N. Leslie, pp. 59-60.

[156] V.R. Markham, *South Africa, past and present...*, pp. 375-376, 382-383; E.L.P. Stals (red.), *Afrikaners in die Goudstad...*, pp. 51-52.

[157] Vgl. TAB, ZAR 28, *De locale wette der Zuid-Afrikaansche Repupliek, 1890-1893*, pp. 669-670; TAB, ZAR 181, *Staatsalmanak der Zuid-Afrikaansche Repupliek voor het jaar 1896*, p.233; R.C. de Jongh, et al., ...*The buildings, steam engines and structures of the Netherlands South African Railway Company...*, pp. 170, 173; kaart 1.3.

tot Johannesburg.

Dit was die aanlê van die spoorlyn wat Vereeniging in belangrikheid laat toeneem het. Verder het die geografiese omstandighede daartoe bygedra dat vooruitgang in Vereeniging nie afgeplat het nie, soos wat met etlike ander dorpe gebeur het. Steenkool was egter ondergeskik aan goud en daarom het Johannesburg aansienlik vinniger as Vereeniging ontwikkel. Vereeniging het nietemin as een van die belangriker dorpe van die ZAR ontwikkel en heelwat vinniger oor 'n kort tydperk gegroei.

Vereeniging het verder weens die inisiatief van 'n mynbestuur tot stigting gekom en nie onder leiding van 'n kerkraad soos soveel ander dorpe nie. 'n Kerkraad het ook in geen stadium by die dorpsbestuur betrokke geraak nie. Anders as in die geval van Johannesburg, was Vereeniging nie aan die gesag van mynowerhede onderwerp nie. Verder het Vereeniging kort voor die tweede Britse oorname van die Transvaal onstaan. Britse invloede sou gevolglik 'n groot invloed op die toekomstige uitbouing van verkose plaaslike bestuur in die dorp uitoefen. Marks en die mynvereniging het 'n bepalende invloed op hierdie ontwikkelingsproses gehad.